Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

PhD Mynbou (12263192)

Minimum duur van studie	2 jaar
Totale krediete	360

Toelatingsvereistes

Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies G.42 en G.54 word ’n magistergraad vereis vir toelating tot studie vir die PhD.

Ander programspesifieke inligting

Raadpleeg ook die Algemene Regulasies.

a. Behoudens die bepalings van die Algemene Regulasies word ’n magistergraad vereis vir toelating tot studie vir die PhD.
b. Tensy die Dekaan, op aanbeveling van die promotor anders besluit, word die PhD-graad toegeken op grond van ’n proefskrif en ’n eksamen oor die proefskrif.
c. Tensy die Senaat, op aanbeveling van die betrokke promotor, anders besluit, moet die student voor of gelyktydig met indiening van die proefskrif, ’n bewys uitgereik deur ’n geakkrediteerde joernaal dat ’n artikel ingedien is, by die Hoof: Studenteadministrasie indien. Die artikel wat ingedien is moet gebaseer wees op die navorsing wat die student vir die proefskrif gedoen het en moet deur die promotor goedgekeur wees indien die promotor nie ’n mede-outeur is nie. Die promotor sal verantwoordelik wees om toe te sien dat die artikel deur die proses van hersiening en hervoorlegging geneem word, soos wat vereis mag word. Die toekenning van die graad is onderworpe aan nakoming van die voorwaardes van hierdie regulasie.
d. Die student moet deur sy werk, proefskrif en eksamen bewys lewer van gevorderde oorspronklike navorsing en/of skeppende werk wat ’n wesenlike en besondere bydrae is tot die kennis van die ingenieurswetenskap en/of -praktyk.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Mynbou 990 (MYL 990) - Krediete: 360.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 360

Kernmodules

Proefskrif: Mynbou 990 (MYL 990) - Krediete: 360.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.